# VOORWOORD

## Hierdie Aflewering van die HTS word opgedra aan prof dr FJ van Zyl by herdenking van sy 50ste jaar as Verbi Dei Minister

---

Frans Jakobus van Zyl, georden 28 Mei 1939 as dienaar van die Woord in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, hoogleraar van 1960 tot 1978 in die Fakulteit Teologie (Afd A), Universiteit van Pretoria, na emeritaat terug na die diens van die Woord tot hede, 28 Mei 1989, is 'n geliefde en dinamiese persoonlikheid vir wie se teologiese denke en lewenswysheid daar ewe veel waardering bestaan. Om hom hierdie bundel aan te bied in die jaar waarin hy sy ordening 'n halfeeu gelede herdenk, is 'n groot voorreg. Waar hy ook al teenwoordig was, in gesprek in die gasvrye Van Zyl-woning, in debat tydens 'n Algemene Kerkvergadering, 'n ringsvergadering of 'n predikantebroederkringbyeenkoms, het sy volwasse, rustige diepgang in die teologie die aandag getrek en invloed uitgeoefen. Sy agtien jaar in die Fakulteit Teologie was verrykend vir kollegas en studente. Namens die Redaksie van die *Hervormde Teologiese Studies* en die Fakulteit, kollega emeritus, bied ek u gelukwense, voorbidding en seënbede. Ontvang asseblief hierdie bundel as blyk van agting en dankbaarheid.

Prof JP Oberholzer
Voorsitter van die Redaksie
Dekaan, Fakulteit Teologie (Afd A)
Universiteit van Pretoria